Bosveld Boerbokklub se veiling gehou 11 Maart 2017 se resultate.

Wholesome afslaers het die Bosveld Boerbokklub se veiling aangebied die afgelope naweek in Pretoria by die Conrad Herbst Kleinveesentrum. Die diere wat aangebied is was weereens van hoogstaande gehalte. Keuring was gedoen deur Josef Kleynhans en Jaco van der Merwe.

Die nuwe voorsitter van die Bosveld Boerbokklub, Joubert Fourie, het die verwelkoming en opening waargeneem. Hy het van die geleentheid gebruik gemaak om n skenking te doen aan Bekker Landbouskool. Bekker neem deel aan die Jeugskou, maar hul boerbokke is gesteel en kan daarom nie verder deelneem aan skoue nie. Joubert het sy bokooi van die veiling onttrek en geskenk aan Douwniel Kroukamp. Douwniel, het n baie mooi brief gerig aan die klub, wat Joubert se hart geroer het. Net daar het Sarek Kriek, van Beste Van Beide Boerbokke ook n skenking gemaak van n ooi met twee lammers. Douwniel se Pa, Wimpie Kroukamp het die veiling ondersteun deur nog twee bokooie te koop.

Nog positiewe nuus vanuit die jeug was n jong 11 jarige boer, genaamd Vaughn Van Den Berg, wat sy eerste Junior Boerbokkursus geslaag het. Sy Pa, Karools, se dat Vaughn n groot liefde vir boerbokke het. Vaughn se vennoot, Oom Leon Stols het die veiling saam bygewoon en hul het n pragtige groep bokke gekoop. Die duurste ram is ook gekoop deur Vaughn. Die verkoper, Douw Van Der Merwe van Beste van Beide Boerbokke wou veel meer gehad het vir die ram. Maar na hy telefonies in kennis gestel is dat Vaughn die hoogste bod op die ram het, het hy die ram verkoop aan hom vir R 25 000.00.
Die aanvraag na ramme baie goed. Dit kan gesien word aan die hoe gemiddelde pryse. Die ooie het ook goed verkoop.

Van Wholesome Afslaers, Conrad Herbst, Corne Du Plessis en die Bosveld Boerbokklub wil ons almal bedank wat die veiling so n groot sukses gemaak het.

Die duurste ooi is verkoop deur Cois Delport van Pico Boerbokstoet, van Wesselsbron se wereld. Die verkoopprys was R 8 000.00. Salmon Van Huyssteen, van Kameeldrift, het onderskeidelik R 8 000.00; R 7 500.00 en R 7 000.00 betaal vir die 3 ooie op die foto.
Van links: Jaco Matroos, Conrad Herbst, Gift Makhanya, Elise Steenkamp, Salmon Van Huyssteen, Maxwell Njiwalo en Corne Du Plessis(afslaer)

Die pragtige groep bokke is gekoop deur Vaugn Van Den Berg en sy vennoot Oom Leon Stols. Van links: Corne Du Plessis, Oom Leon Stols en sy dogter Gaby, Vaughn Van Den Berg, Conrad Herbst en Karools Van Den Berg, Vaughn se Pa.

Van Links: Conrad Herbst, Sarel Kriek van Beste van Beide Boerbokke, die jonk koper Vaughn Van Den Berg, Corne Du Plessis(afslaer), Frans Van Rooyen, Leon Stols en sy dogter Gaby. Die ram is verkoop deur Douw Van Der Merwe van Beste van Beide vir R 25 000.00.

ITEM	STATS ROLL_11-03-2017-BOSVELD BOERBOKKLUB					
ITEM	**ITEMNAME**	**QTY**	**Not solds**	**MAX_AMT**	**AVG_AMT**	**MIN_AMT**
1	STOET BOERBOK RAM	5,00	0,00	25 000,00	14 900,00	9 000,00
2	KUDDE BOERBOK RAM	5,00	0,00	13 500,00	9 300,00	7 000,00
4	STOET BOERBOK OOI	25,00	4,00	8 000,00	5 630,00	3 250,00
5	KUDDE BOERBOK OOI	44,00	1,00	4 250,00	2 517,00	1 500,00
	Total sold	**79,00**				
	Not sold		5			
	Turn over		**R 372 500.00**			